
GEBEDSREEKS
10 Maart 2019
WEEK 01
Karl Holz
Hoe gereeld moet ek bid?
shofar
christian church

## EFESIËRS 6 6:10-14 (AFR 83)

Die Christen se wapenrusting

10 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle
wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige
aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en
gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die
lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand
kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog
op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel
om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas,


EFESIËRS 6:17-18 (AFR 83)
17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die
woord van God. 18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke
geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die
gelowiges.


MATTEUS 6:7-10 (AFR 83)
7 “Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie.
Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. 8 Moet
dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit
van Hom vra.
9 “So moet julle bid:
“Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;
10 laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.


MATTEUS 6:19-21 (AFR 83)
Skatte in die hemel
19 "Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en
waar diewe inbreek en dit steel nie. 20 Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar,
waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie.
21 Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees."


MATTEUS 6:31-33 (AFR 83)
31 "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. 32 Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. 33 Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.


ROMEINE 8:5 (AFR 83)
5 Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.


1 TESSALONISENSE 1:2-4 (NLV)
Paulus dank God vir die
gelowiges in Tessalonika
2 Wanneer ons bid, dank ons God altyd vir almal van julle. 3 Ons onthou voortdurend
hoe julle geloof dade word, hoe hard julle liefde julle laat werk en hoe julle aanhou hoop
op ons Here Jesus Christus. In ons gebede noem ons hierdie dinge voor God ons Vader.
4 God het julle lief, broers en susters. Ons weet dat Hy julle uitgekies het,


1 TESSALONISENSE 5:16-18 (AFR 83)
16 Wees altyd bly. 17 Bid gedurig. 18 Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.


HANDELINGE 2:42 (AFR 83)
42 Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die
apostels en die onderlinge verbondenheid, die
gemeenskaplike maaltyd en die gebede.


HANDELINGE 6:4 (AFR 83)
40 ns sal dan al ons aandag aan gebed en die
bediening van die woord bly gee."